

Sing vooraf staande: Psalm 138:1, 4 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode^oin psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 4 As in my angs en teespoed / die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 105:1, 2, 3 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dade in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.
- 3 Vra na die HEER der leërmagte, / die HEER oneindig groot in kragte;
soek daeliks sy aangesig; / gedenk die werk deur Hom verrig,
die wonders deur sy hand gedaan, / en wil sy strawwe gadeslaan.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 119:38, 39 (p. 594)

- 38 HEER, ek wyk deur u genade / weg van elke slegte pad;
maar ek wyk nie van u regte, / want hul is my wysheidskat.
Soet soos heuning is u woorde, / soeter, want hul gee my raad;
daarom is 't dat ek van harte / al die valse paaie haat.
- 39 HEER, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

Gebed

Psalm 97:1, 6, 7 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 6 Beminnaars van die Heer, / haat wat sy Naam onteer, / en wandel in sy weë. / Hy is sy volk geneë
en sal in doodsgevaar / sy gunsgenoot bewaar;
Hy red hom van die hand / wat dreig van alle kant, / van die geweldenaar.
- 7 Gods vriend'like^oaangesig / straal vrolikheid en lig / deur duisternis en smarte / vir alle^oopregte harte.
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Skriflesing: Jeremia 1:1-19

Kernverse: Jeremia 1:5, 8-10

Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekome het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak.

Wees vir hulle nie bevrees nie, want Ek is met jou om jou uit te red, spreek die HERE. Toe het die HERE sy hand uitgestrek en my mond aangeroei; en die HERE het vir my gesê: Hiermee lê Ek my woorde in jou mond. Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant. (Jeremia 1:5, 8-10AFR53)

Tema: God stel sy dienaars aan om met sy gesag af te breek en op te bou

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om 'n geloofwaardige Christen te wees is moeilik. Christen wees beteken dat ons onself moet verloën, ons kruis opneem en Jesus volg. Ons moet onself opoffer. Die eie ek moet aanhoudend kleiner en minder word en uiteindelik sterf sodat Christus al groter en meer kan word in ons lewens. Christus moet so duidelik na vore kom in ons lewens dat elkeen saam met Paulus kan sê:

Nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.
(Galasiërs 2:20 AFR83)

Met ons almal wat onself Christene noem, behoort dit te gebeur, want Christus het ons almal losgekoop met sy bloed en sy Heilige Gees aan ons gegee. Omdat ons die Heilige Gees het, het ons ook die gawe van geloof van Hom ontvang sodat ons Jesus kan volg terwyl ons onself verloën en ons kruis opneem.

Aan sommige gelowiges het die Here ook ander besondere gawes gegee soos Hy self weet goed en reg is. So het ons troue Verbondsgod met Jeremia, die jongman uit Anatot, gedoen. Hoe oud Jeremia presies was toe die Here hom geroep het om as profeet op te tree, weet ons nie. Die meeste geleerdes is dit egter eens dat hy tussen 16 en 25 jaar oud was toe hy as profeet begin optree het. In ons tyd word iemand van 18 al as 'n volwassene gereken, maar in die tyd van Jeremia was hy maar nog 'n jong seun. Jode het 'n mans-persoon eers op die ouderdom van 30 as 'n man gereken. Jeremia berig aan ons wat hy gehoor het die dag toe die Here hom as profeet geroep en bevestig het.

Die Here het Jeremia se ouers geseën en Jeremia se ma het met hom swanger geword. In die moederskoot het die Here vir Jeremia gevorm. Ons almal weet dit is net deur die Here se genadige skeppingswerk dat 'n vrou kan swanger word en kinders hê. Maar ons hoor ook nog hierdie besondere woord van die Here. Nog voordat Hy vir Jeremia in die moederskoot gevorm het, het Hy hom geken. Hiermee sê die Here dat Hy persoonlik besondere sorg bestee aan mense. Mense is nie die produkte wat deur massaproduksie tot stand kom soos motors nie. Aan elke liewe mens wat die Here skep, bestee Hy besondere aandag. Nog voordat die Here vir Jeremia gevorm het, het Hy reeds besluit watter eienskappe en vermoëns Hy aan hom gaan gee. Die Here het besluit om juis hierdie eienskappe en vermoëns aan Jeremia te gee, want Jeremia is nog voor sy geboorte gekies om profeet van die Here te wees. Die inisiatief om Jeremia 'n profeet te maak het alleen van die Here af gekom. Jeremia het niks daarmee te doen gehad nie.

Selfs nog voor sy geboorte het die Here vir Jeremia aan Hom geheilig. Nog voordat sy ouers of hy self kon besluit watter werk hy eendag gaan doen, het die Here Jeremia reeds bestem om sy profeet vir die nasies te wees. Jeremia se besondere diens aan die Here, afgesien daarvan dat hy 'n gelowige is, is om profeet vir die nasies te wees.

Geliefdes, die Here het met elkeen van ons ook so gemaak. Nog voor ons geboorte het Hy ons reeds gekies vir die besondere diens wat ons as gelowiges in sy koninkryk moet verrig. So het die Here dan ook gedoen met broer Simon wat vanoggend in die diens van predikant bevestig word. Aan hom en aan elke ander predikant, ouderling en diaken van Christus het die Here persoonlik besondere aandag bestee. Nog voordat hulle gebore is, het die Here hulle geken en hulle aan Hom geheilig. Voor hulle geboorte het Hy hulle al bestem om predikante, ouderlinge en diakens in sy kerk te wees. En die opdrag wat die Here aan hierdie diensknegte gee, is ook nie maklik nie. Om Christen te wees, is reeds moeilik, en om nou 'n predikant, ouderling of diaken te wees, is nog moeiliker. 'n Mens is tog huiwerig wanneer jy hoor dat God jou oproep tot so 'n belangriker diens.

Daarom sal ons verstaan dat Jeremia ook gehuiwer het toe hy die Here hoor sê het: Jeremia,

Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak. (Jeremia 1:5 AFR53)

Ag, Here HERE, het Jeremia geantwoord, voorwaar, ek kan nie praat nie, want ek is jonk. (Jeremia 1:6 AFR53)

Hoe sal ek wat nog maar eintlik 'n bogsnuiter is manne kan oortuig dat ek u Woord aan hulle bring? 'n Seun moet eerder stilbly en deur manne geleer word. En buitendien is ek onervare, ek het nie die wysheid en kennis van internasionale politieke vraagstukke nie. Hoe sal ek nou 'n profeet vir die nasies kan wees?

Teenswoordig hoor 'n mens ook die argument andersom. Ag, Here my God, ek is al oor die veertig. Hoe kan ek nou aan die jeug u Woord verkondig? In die oë van jongmense is ek verstarde en verkramp. Wat sal so 'n ou mens nou vir die jongmense van vandag kan sê? Hulle weet reeds so baie deur middel van die televisie en internet.

Broers, susters en kinders, albei hierdie argumente is verkeerd. Om in diens van die Here waarlik profeet te wees is dit nie van belang of ons mond deur die ou of jong geslag aangeraak is om hulle woorde te spreek nie. Wat werklik van belang is dat die Here deur sy Gees ons mond aangeraak het. Om waarlik predikant van Christus te wees is die smake en giere van die ouderdom of jeug, van tradisie of die allernuutste dinge nie van belang nie. God se Gees moet die mond van die predikant aanraak. Ongeag mense se voor- of afkeure roep die Here sy diensknegte om sy Woord in die gemeente te bedien tydens eredienste, Bybelstudie en huisbesoek. Ouderlinge, Christus stel julle aan om elkeen te vermaan en te vertroos na sy behoefte. Diakens, Christus stel julle aan om elke lidmaat toe te rus sodat hulle hulle dienswerk in die gemeente kan verrig. En 'n predikant word aangestel om die Woord van God onvervals aan elkeen te verkondig na gelang van die omstandighede.

Daarom beveel die Here vir Jeremia ook:

Moenie sê: Ek is jonk nie; want na wie Ek jou ook al stuur, moet jy gaan; en wat Ek jou ook al beveel, moet jy spreek. (Jeremia 1:7 AFR53)

Vir die Here maak die ouderdom van sy dienskneg nie saak nie. Hy het Jeremia gekies om profeet te wees en Hy het die gawes aan hom gegee om dit te kan doen. Vir Jeremia sal

dit ook nie nodig wees om na woorde te soek om tot die nasies te spreek nie. Die Here self sal hom beveel wat hy moet sê.

Alhoewel Jeremia jonk is, moet hy nie vir mense bang wees nie. In die tyd toe die Here vir Jeremia as profeet aangestel het, was daar groot politieke verwickelinge in die wêreld aan die gang. En Israel was soos 'n klein bootjie tussen al die groot wêreldmoondhede op die politieke vaarwaters. Te midde van al hierdie verwickelinge moes Israel koers hou deur getrou te bly in hulle verhouding met die Here wat 'n verbond met hulle gesluit het. Maar Israel was hardnekkig en eiewys, daarom het hulle van die verbond van die Here vergeet en eerder op hulle eie gesoek by watter wêreldmoondheid hulle die beste voordeel sou kry. Nou moet Jeremia, die jongman uit Anatot, nie net vir Israel profeet wees nie maar ook vir die nasies. Natuurlik sou Jeremia hieroor skrikkerig wees. Maar die Here verseker hom dat Hy by hom sal wees. Jeremia sal nie alleen met die nasies praat nie. Die Here is by hom en Hy sal vir Jeremia red as hy in lewensgevaar kom.

Geliefdes, ons vertrou dat geen predikant of ouderling of diaken in hierdie kerk in lewens-gevaar sal kom omdat hy die Woord van God moet bedien nie. Maar ons is steeds mense en ons weet wat mense doen. Mense is sondaars, selfs al is hulle gelowiges, en 'n sondaar is geneig om homself doof en blind vir die Here se Woord te hou. Om 'n lidmaat oor die een of ander sonde te vermaan sal nie altyd maklik wees nie. En as dit nog 'n lidmaat is wat ouer is as jy of 'n lidmaat wat in die gemeenskap aansien het, raak dit al moeiliker. Dan raak 'n mens huiwerig en voel dit of jou moed jou wil begewe. Of miskien kom dit oor jou pad om 'n ander ouderling of diaken of predikant te vermaan omdat hy sy nek styf maak en in sy sonde volhard, dan is dit te verstane dat jy miskien sal huiwer.

Maar die Here sê vir jou, broer Simon: Moenie bang wees vir mense nie. Die Here is by jou. Wanneer jy moet vermaan of vertroos, gaan jy nie alleen na die mense toe nie. Die Here is met jou.

Die manne wat deur die Here gekies is en aan Hom geheilig is as ouderlinge, die Here het nie net voor julle geboorte besondere aandag aan julle bestee nie. Die Here het ook nie vir Jeremia gesê dat Hy by hom sal wees en hom sal beveel wat om te sê net sodat Jeremia moes inwillig om as profeet op te tree nie. Die Here het ook vir Jeremia toegerus. Toe Jeremia as profeet aangestel en bevestig is, het die Here sy hand uitgesteek en Jeremia se mond aangeraak. Die Here het self sy woorde in Jeremia se mond gelê. Hy het Jeremia se mond vir Hom opgeëis. Jeremia se mond sal die Here se mond wees, want deur hom sal die Here sy volk en die nasies aanspreek. En die woorde wat Jeremia oor nasies en koninkryke moet spreek, gaan die mense tot in hulle fundamente skud. Jeremia moet op gesag van die Here gaan afbreek en vernietig, platslaan en uitroei, bou en vestig.

Vir die jongman uit Anatot was dit beslis 'n baie groot opdrag. Tussen Israel en die Here was daar 'n geweldig groot breuk. Israel se sonde het vir hulle al tweede natuur geword omdat die verbond met die Here vergete was. Hulle sondes is onuitwisbaar op hulle harte gegraveer. En die Here roep vir Jeremia om die oordeel oor die sondige lewe van Israel te gaan profeteer. Deur Jeremia gaan die Here self afbreek en uitroei, vernietig en platslaan. Tog is die uiteinde van Jeremia se profetiese werk positief. Uiteindelik sal die Here deur Jeremia ook weer sy volk bou en vestig. Uit die wortel wat vir die mense dood sal lyk, gaan die Here nuwe lewe wek. En Hy doen dit met dieselfde woorde as waarmee Hy die verhardheid van hulle harte stukkend geslaan het.

Broer Simon, die opdrag wat die Here aan jou gee, is groot en verantwoordelik. Jou dienswerk is nie iets wat 'n mens sommer gou-gou kan afhandel nie. Jy moet die kerk as

bruid van Christus versorg met die gesag van Christus. Onderzoek die Woord van God grondig sodat jy dit suiwer en eenvoudig aan elkeen kan verkondig. Bedien die sakramente wat die Here ingestel het sodat elke gelowige in sy geloof versterk mag word. Roep die Naam van die Here aan met skuldbelydenis, met lof- en danksegging en doen voorbidding vir alle mense. Dra besondere sorg vir die verbondskinders om hulle in die kennis van die Woord van God te onderrig. Saam met die ouderlinge moet jy sorg dra dat alles in die kerk behoorlik en volgens goeie orde plaasvind. Beskerm die gemeente teen dwaalleer en weer die kwaad uit die gemeente, want aan jou word ook die sleutels van die hemelryk toevertrou. Soek jou krag in die Here Jesus sodat jy die evangelie van God se genade aan die wêreld kan verkondig. Soek die afgedwaaldes op om hulle in die gemeenskap van Christus se kerk in te bring.

Wanneer jy moet vertroos en vermaan, hoef jy nie na woorde te soek nie. Deur middel van die Woord lê die Heilige Gees Christus se woorde in jou mond. Maar 'n mens sit nie agteroor en wag dat die Gees die woorde in 'n mens se mond lê nie. Die Here het persoonlike bemoeienis met jou gemaak. Nou eis Hy dat jy in 'n persoonlike verhouding met Hom sal lewe. Wanneer jy die Bybel bestudeer, gaan die Heilige Gees jou verhouding met die Here voed en versterk. En hoe sal iemand die gesag van Christus in eredienste en huisbesoeke kan bedien, as hy homself nie in die rykdom van die evangelie verdiep het nie? Met jou mond sal Christus self die sondige lewe van sy lidmate afbreek en die nuwe lewe in hulle opbou. Die woorde wat jy moet verkondig, sal skeiding bring tussen geloof en ongeloof, tussen die gelowiges en hulle sondes en hulle toerus vir die heilige lewe in navolging van Jesus. Onthou, Christus stel jou aan om wag te hou oor die lewe van hierdie kerk. Daarom is jy ook aangestel om elke lidmaat onder jou sorg by te staan in sy en haar verhouding met God.

Geliefdes, wanneer ons die dienswerk van 'n predikant in die lig van Jeremia se roeping beskou, sien ons watter groot verantwoordelikheid die Here op sy skouers plaas. Daarom kan 'n mens maklik vra: Hoe sal ons weet die Here gaan dit laat gebeur wat Hy gesê en beveel het? Jeremia het ook so 'n vraag in sy gemoed gehad. In antwoord op hierdie vraag het die Here hom 'n amandeltak laat sien. Die Here het hom gevra:

Wat sien jy, Jeremia? En hy het geantwoord: **Ek sien 'n amandeltak.**
(Jeremia 1:11 AFR53)

Jy het goed gesien, want Ek is wakker oor my woord om dit te volbring.
(Jeremia 1:12 AFR53)

Die gesig wat die Here vir Jeremia laat sien, is miskien nie vir ons so bekend nie. 'n Amandelboom staan spierwit met bloeisels wanneer baie ander bome nog geen teken het van lewe nie. Terwyl dit nog winter is, kondig die amandelboom met sy bloeisels die koms van die lente al aan.

Met hierdie gesig verseker die Here vir Jeremia: Dit mag nou vir jou lyk asof jy nie hierdie werk as profeet sal kan doen nie omdat jy jonk en onkundig is. Maar weet dit: Ek is gereed om te doen wat Ek gesê het. Broer, moenie terugdeins nie, moenie wag om te sien wat op julle dienswerk gaan gebeur nie. Moenie moedeloos word en verslap as jy nie dadelik sien wat die Here deur sy Woord in die lewens van mense doen nie. Maar weet dit: Die Here staan gereed om ook vir jou te doen wat Hy gesê het. So seker as wat die lente gaan aanbreek nadat die amandelboom gebloei het, so seker sal die Here doen wat Hy gesê het.

Al wat jy moet doen, is om te volhard in jou diens en jou Goddelike opdrag getrou uit te voer. Die lidmate oor wie Christus jou aangestel het, het Hy duur gekoop. Met sy bloed

aan die kruis het Hy vir hulle betaal. En eendag sal Christus as Regter rekenskap van jou eis oor hierdie lidmate van Hom.

En geliefde gemeente, ons het gehoor watter verantwoordelike werk die Here aan hierdie broer gee. Hy moet Christus se lidmate regeer en versorg met die Woord van God. Ons is die mense wat Christus duur gekoop het met sy bloed. Ons is vir Hom kosbaar. Laat ons onself dan gewillig onderwerp aan hierdie broer wat die gesag van Christus in ons midde gaan bedien. Kom ons ontvang hom as dienaar van God. Laat ons hom in ons gebede onthou. Bid dat die Here nooit sal ophou om deur hom met ons te praat nie.

Amen!

Slotgebed

Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord

Psalm 134:4 (p. 653)

- 4 Laat, HEER, u seën op hom daal, / u guns uit Sion hom bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hom gebied!

Skrifberyming 15-1:1, 2, 3, 4

- 1 Ek buig voor God die Vader biddend neer, / voor Hom deur Wie gelowiges mag lewe:
dié reeds verhoog, in hemele verhewe, / en dié wat nog in aardse tyd verkeer.
- 2 Mag God nou deur sy Gees in julle werk, / jul uit sy ryke heerlikheid bekragtig
sodat in julle woon die Christus magtig / en jul in liefde vasstaan, stewig, sterk.
- 3 Mag jul begryp hoe diep dié liefde strek, / hoe diep en hoog – vér ons verstand te bowe!
Mag julle wat met almal saam gelowe, / dit in Gods volheid ken en klaar ontdek.
- 4 Aan Hom wat kragtiger in ons kan werk / as wat ons bid of dink – aan Hom, die Here,
bring ons in Christus ewig, ewig ere! / Amen! Aan Hóm die ere in die kerk!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
19 Januarie 2014